Om die pols moet daar met aan een arm 'n band daarvan gebind word, met 'n plat striklike. Die lint moet omtrent een duim of effentjies minder breed wees.

Om die hals kan daar twee geplooid valletjies van fijn kant of fijn kamertdoek aan elke rand van die verweelband genaai word. Die een rus op die skouers, rondom, en die ander steek stijf regop onder die ore, rondom.

Wat die verweel om die middellijf betref—dit kan maar als 'n band gebruik word, onder die jas, nou in die winter.

ROKKE.

Ek het nou juis van-jasse geskryf, en ek wil julle eers laat rus, voor ek verderaan oor die komplette kostuum met 'n baadjie skryf.

Laat ek eers van komplette kostume vertel van een stuk.

Ek verbeel mij, vir die drag van die dag, sal ons amper almaal die jas met 'n rompkies, dus sal ek nie veel sê van die andere nie.

Hulle word buitendien heel eenvoudig gemaak in die romp—maar altijd wijd van onder, om die soom.

Bo aan die lijfie is hul nouw. Die mouwe word uitgepof en gevou en geplooi—alles bokant die elleboog. Van die elleboog af naar die pols toe is dit nou en eenvoudig gesnij, tot tamelik laag oor die hand.

Om die skouers sien 'n mens heel dikwels so 'n kort manteltjie. Partij is enkel, met 'n rij knopies op een skouer vasgemaak. Partij is drie of vier op mekaar—een langer als die ander, totdat die langste omtrent 'n voet lang hang van die hals af. Hulle moet nie langer als dit wees nie vir 'n mens van middelmatige grootte. Die, wat korter of langer is, moet self sien, wat vir hulle beste pas.



Hulle word gewoonlik hoog in die hals gesnij.

Dis dagrokke: nou omtrent aanddrag. Ek het julle laaste maand vertel van die hoepelrokke, wat nou in die mode wil kom, en ek het gesê, dat ek nie dag, hulle sou gunstig ontvang word nie. Maar als hulle almaal so mooi lyk als een, wat ek nou die aand gesien het, dan sal hulle toegejuig word. Ek moet se, die een was anders als die prente, wat ek gesien het.

Dit was 'n liggroen tabberdijie, van netwerk oor satijn. Die bollijf was heeltemaal eenvoudig gesnij—net met blinkers ("sequins") opgemaak, om die bors.

Die mouwe was skoon net; en die band van die satijn, met 'n lig-rooskleurige bossie blomme daarin gestee, onder die linkerbors.

Maar die romp! Die onderste satijnromp was nie om die middel geplou nie, maar was voller en voller gesnij naas die soom toe.

Daarop was die net-romp, vol geplou om die middel. Omtrent elke ag duim of so was daar 'n streep satijn van omtrent twee tot drie duim breed rondom genaai, om die gewig te gee, en dit mooi te laat uitstaan.

Onder om die soom was die hoepel, maar nie die soort van ding, wat ek vervang het nie. Die kostu-mier het mij vertel, hoe sij gesukkel het, voor sij die plan in haar gedagte gekry het.

Die draad, wat sij gebruik het, wou glad nie reg kom nie. Dit het gedurig ge-
huig; en nadat 'n mens gesit het, moet jii altijd, wanneer jii opstaan, iemand vra om 'n bietjie vir jou agter reg te buig.

Naderhand het sij die stiffste koorde geneem, wat sij in die plek kon kry, en sij het dit ook nog 'n sterk stijls gestee, totdat dit amper soos 'n draad was, en het dit toe onder in die soom in vas gewerk.

Die uitslag was pragtig. Die boomste rokkie staan so ewe tengerig weg van die lijf af, en die onderste hang net mooi los.

Vir aanddrag, waar 'n mens nie die lae hals en kort mouwe wil dra nie, is dit goed om die hele lijf van 'n dun stof te maak, en ook tot sover als die heupe. Natuurlik moet dit op 'n voering kom; want die swaardere stof van die romp sal dit altemit skeur.

Die hals, in gedeelte van die skouers, en die mouwe hoef nie voering te hê nie. 'n Hoë val om die nek is mooi, als dit vereis word.

Die band is van dieselfde stof als die romp.

Verbeel julle 'n wit (of ander kleur: swart is mooi) chiffon-lijfje met lang chiffon-mouwe met 'n valletjie, en 'n hoë hals met 'n valletjie. Die band is van wit glacé-sij; en van die middel af is daar 'n kort rompie van wit chiffon tot op die heupe toe. Van daar af weer 'n wit wjfe glacé-romp—nie te lank nie.

Die tweede romp word soosmaar eenvoudig aan die chiffon genaai, sonder versiersels.

'n Ander mooi tabberd het die mouwe en die bollijf van "ninin," met 'n paar bande soos wjfe kruisbande, oor die skouers, en 'n soort van onderbaadjie van glacé-sij, of verweel.

Die romp was uitgepof oor die heupe, en weer opgevang net omtrent 'n voet laer als die band—natuurlik van die glacé of die verweel gemaak.

Maar die laaste een sou ek nie probeer om te maak, of om 'n ongeleerde kostu-mier te laat maak nie. Dit moet iemand wees, wat haar hele lewe aan sulke goed wjfe om die poffe reg te kry.

Dit is nou beskrywings van een-stuk rokke, en ek kom weer terug op die baadjies in 'n kompleete kos-

tuum. Die rompe word soos altijt wjde gesnij; daar-van is dit nie nodig om te praat nie.

Die baadjie is meestal kort en wjde. Om die heupe hang dit amper net soos 'n Pierrot se baadjie; partij daarvan het dieselfde lengte rondom, maar die meeste, wat ek sou sien, is effentjies korter van voor dan van agter.

Een persoon, wat ek ken, het bont om die hoë hals, bont om die soom van die mouwe, bont om die onder-ste soom van die baadjie, en bont onder om die soom van die romp. Julle kan julle verbeel, hoe mooi die wjfe romp en baadjie swaai, met die gewig daaraan, wanneer 'n mens loop. Wanneer so 'n romp bont onder om die soom het, moet dit baje kort wees—ses duim of meer van die grond af; anders lijk dit alte naas.

HOEDE.

Die hoede is maar nog meestal klein en hoog. Partij het glad geen stukkie rand nie, en lijk nes 'n omge-keerde mandjie—vernaam die, wat die baadjie om die kin het. Daar is die ander met 'n rand van omtrent vier of vijf duim wjde, maar nie wjder nie.

Een van die nuwste soort het ek gister gesien met glad geen stukkie opmaaksel nie, behalwe 'n fijn strepie bont om die kant van die

rand, en net so 'n strepie om die boomste kant van die bol. Dit is 'n soort hoed, wat die meeste mense sal pas, en wat 'n mens jonger sal laat lijk.

Sluiers dra hulle nog baje kort, net tot onder die neus. Hulle het algar die kant mooi uitgewerk met borduursel. Partij het mooi knoppies, wat aan die rand hang.

'N ROKKIE VIR 'N KLEIN MEISIE.

Die maand wil ek julle ook nog 'n rokkie vir 'n meisie van omtrent vijf jaar of ses jaar beskryf; en als julle die patroon daarvan wil hê, stuur die posseels (ses pence) aan "Gertruida," p.a. "De Burger," 30 Keeromstraat, Kaapstad.

Die einklike rokkie, wat ek het vir die patroon, is van 'n mooi leer-bruin kleur.

Die hals is eenvoudig rond gesnij, en 'n mooi wit kant-boordjie is daaraan genaai.

Die mouwe is tamelik vol en wjde, en die boordjie van die mouw is omgeslaan.

Om die lijf is 'n band, wat agter in die middel vas is, en van voor effentjies sak.

Die regterkant van voor is heeltemaal egalig, maar aan die linkersij is daar vier opnaaisels van omtrent een derde van 'n duim, van die skouer af tot bij die soom toe.

Bokant die band is daar 'n rij knopies van bruin sij. Die prent van die rokkie is in die maand se nummer.

TOILET.

HOE OM 'N MOOI VEL TE BEHOU.

Nou dat die winter inkom, moet ons almaal begin planne maak om onse vel sag en fijn te hou—ver-naamlik die wat in streke woon, waar daar baje rjpe snags is.

Die groot ding om te vermij is om slegte, goedkope seep te gebruik. Na die vel mooi deeglik gewas is, en al die seep afgespoel is, neem dan die volgende mengsel:



Ses eteplens glycerine; ses eteplens rooswater; twee eteplens suurlimoensop; en die wit van een eier.

Klop dit goed deurmekaar, en gooi die mengsel in 'n botteltjie.

Na elke maal, wat julle was, vrijf dan die mengsel mooi goed in die vel in.

Dit is goed om saams die gesig in lout water te was, sonder seep, en die mengsel dan daarin te vrijf.

Vir die hande is daar 'n ou raad, wat tog alte bitterlik swaar is in die somer, maar nie so sleg in die winter nie. Na die hande gewas, en die mengsel ingevrijf is, trek dan 'n paar wjse, losse handskoene aan. Hulle moet van sagte leer wees, en die punte van die vingers moet net so laag als die naels groei afgesnij wees. Moenie, dat die handskoen stijf om die arm geknoop word nie; anders staats die bloed in die hand, en hulle word rooi.

DIE VERSORGING VAN DIE NAELS.

Van die vel van die hande kom 'n mens se gedagte natuurlik sonaar self op die naels.

Dit help nie, als 'n mens 'n pragtige-vel hand het nie, en die fatsoen is lelik. Dit is waar, 'n mens kan nie help, dat haar eie hande nie so mooi van fatsoen als 'n ander sijn is nie, maar daar is tog iets aan te doen.

Elke more, en meer male, als dit moontlik is, moet die vel goed teruggedruk word van die wortels van die naels af. Dit moet nie met 'n iyster-ding gedaan word nie maar met 'n sterk glad-gepunste stokkie. Bij die apteek kan 'n mens diks kry vir omtrent een shilling per dosijn; en hulle hou baie lank. Die naels moet mooi rond gesnij word om die hoekies, en nie te kort nie.

Partijkeer groei die vel hard om die naels, en bij die hoekies vernaamlik. Met geduld kan dit ook regkom. Week hulle tweemaal op 'n dag in sterk warm water, en smeer dan 'n goeie olie aan, of lanoline of soiets.

Ek het bij onderwijzers opgelet—en daar het self van hulle teen mij gekla—dat hul hande dikwels baie hard word om die naels.

Dit skryf ek toe aan die krypt, waarmee hulle gedurig te doen het. Aan hulle is mijn raad om wjse handskoene te dra, wanneer hulle op die bord skryf. Dit is beter om 'n ding te voorkom als om dit naderhand te moet genees.

WINTERVOETE.

Terwijl ons oor die vel en naels praat—ek weet, hoe bitter lij partij mense aan wintervoete.

Daarvoor kon ek nooit 'n beter raad kry als om gereed met paraffinolie te vrijf. Moenie wag, tot die kwaal begin nie; maar als julle weet, dat julle daaraan lij, begin sonaar net soos die weer begin om te koud te word.

LIGTE WENKBROUWE.

Ek wou haeste maand raad gegee het hoe om oogbare en wenkbrouwe, wat te lig is, mooi donker te kry. Ek sal dit nou gouw medeel, voor ek weer vergeet. Smeer elke more 'n bietjie asijn daaraan, mooi nat, en elke aand 'n bietjie vaseline. Julle sal vind, dat julle in 'n kort tydjie 'n groot verskil sal merk.

SKURWE LIPPE.

'n Ander ding, wat 'n mens voor moet oppas, is skurwe lippe in die winter, want hulle bars so malklik; en dit is baie pynlik. Daarvoor moet 'n mens sien, dat daar altijd so iets effe olierig aan die lippe is. Dit hou hulle sag en terselfdertijd droog. 'n Mens kan enige self gebruik, baie dun ingevrijf. 'n Goeie ding is 'lipstyl'; wit of rooi kan 'n mens kry.

HUISMEUBLIERING.

DIE EETKAMER.

Dié maand wil ek 'n lekker warm eetkamer beskryf.

Vir 'n eetkamer is dit altijd goet om 'n mooi groot kamer te kies, want die meubelstukke is so veel groter dan die van die meeste ander kamers, en, tensj daer 'n orige vertrek is, wat als 'n woonkamer kan dien, leef ons tog maar meestal in die eetkamer.

Dan ook, als dit moontlik is, moet dit nie te ver van die kombuis af wees nie.

Die eetkamer, wat ek in die oog het, was donker-rooi geplak, met eenvoudige papier. Net bo langs die solder was daar 'n dwars strook papier van omtrent een voet wjds. Die streep papier had hier en daar bome met lang, kaal stamme, op 'n grasvlakte, en nou en dan 'n stroompie water.

Op die vloer was 'n rooi tapijt, wat net pas bij die papier. Vir mense, wat nie so 'n tapijt kan bijbring nie—want 'n goeie tapijt is 'n duur ding—is daar altijd linoleum. Die moet so gekies word, dat die kleur nie in strjds is met die rooi van die muur nie—die regte groen of bruin, wat kan pas, of swart en wit. Op die linoleum moet daar bepaald 'n paar vloermatte wees—ook so gekies, dat hul bij die donkerrooi pas.

Nou die meubels. Al die stoele, die tafel, en die buffet (''sideboard'') moet van heel donkerbruin hout wees. Die een, wat ek gesien het, was van donker (bijna swart) dowwe eikehout.

Dit is baie mooier dan die gepoljste hout. Daar is die ligte dowwe eikehout ook; maar vir 'n rooi eetkamer is die donker vel geskikter.

Die stoele het donkerrooi leersplekke gehad, en hoë regop leunings.

Die rusbank was ook van eenvoudige donker hout, met 'n graswerkspittek, en 'n matras met 'n val van voor tot nabij die grond. Die kussings was van dieselfde stof gemaak als die matras. Aan elke ent was daar 'n lang nouw kussing, van die fatsoen van 'n bedkussing, sonder valle, en in die middel twee vierkantige met klein valletjies.

Die tafelkleed was donkerrooi, en in plaas van blomme—om dit so swaar is om altijd die regte kleur te kry vir rooi—was daar 'n pot pragtige varings. Natuurlik, enige ander sierlike plant sal goed wees.

Die vuurherd moet op wees. So baie mense dink dis mooi om dit toe te smoor met omhangels. Bokant die vuurherd, op die rak, is dit glad nie nodig om 'n groot spieël te sit nie. Daar is genoeg spieëls in die slaapkamers, en die meeste buffette het 'n stukkie spieël in.

Op die rak moet 'n goeie oorlosie staan, en een of twee erde ornamente. Moenie daarmee verstaan, dat ek die snaakse goed bedoel, wat 'n mens so baie ontmoet—'n wit hen met 'n rooi kam, of 'n blouw en geel eend, wat swem—maar iets ongewoons.

Twee sulke ornamente en twee blompotte is genoeg, saam met die oorlosie; en als daar 'n portret is, wat julle graag dikwels wil sien, kan dit ook daar gesit word.

Die buffet is net vir die goed, wat nodig is vir die maaltjies, en vir die glas- en silwerwerk.

Die prente in die eetkamer is gewoonlik die prente, wat meer persoonlik is aan die inwoners van die huis, soos portrette van familieleden, ens. Behalwe die, kan daar gesit word, wat volgens julle oordeel nie so goed is nie om aan vreemde mense in die sitkamer te vertoon. Dit is 'n stukkie praktiese raad; want ek weet, ons het almal sulke ou gedagtenisse.

Verder kan ek julle nou niks meer raad nie, buiten dit: twee skuifleuningstoele (''Morris-chairs''), met 'n leuning, wat kan verskuif word, is baie gerieflik.

Wat die rangskikking van die meubels aangaan, kan ek julle net een raad gee: sit hul so ver als moontlik so die kamer so groot lij als lij kan. Maak die beste gebruik van die ruimte.

Als daar te veel ruimte is, sit daar 'n eenvoudige donker-houtboekrak, ook met boeke daarin, wat meestal te doen het met die familielewe.

Hou so veel moontlik die eetkamer vir persoonlike famieliegoed.

Dieselfde eetkamer kan met groen gedaan word.

KOOKKUNS.

Ek het belowe om in dié maand se nommer resepies te gee van hoe om ons groot wintervrug te gebruik vir konfijt, ens. Daarom wil ek nou drie verskillende woorlskrifte gee—so duidelik as ek kan.

SUURLIMOENJELLIE.

Snipper die suurlimoene op, net soos vir marmelade. Bij elke koppie van die vrugte sit vier koppies water. Kook die tesame vir een uur. Pers dit nou deur 'n digte doek, sog flennie. Ek gebruik altijd flennie.

Neem nou vir elke koppie van die opgekookte sop ook een koppie suiker, en laat dit kook, totdat dit vas word soos 'n jellie. Gewoonlik neem dit omtrent een uur.

Als daar mooi snippertjies tussen die eerste vrugte is, vernaamlik van die skil-deel, maak dit 'n pragtige marmelade om in die jellie te gooi, voor dit hard word.

HEEL-PAMPELMOESKONFIJT.

Skil die pampelmoese mooi dun af, en was hulle goed. Smeer hulle dan dik en goed met sout, en laat hulle een nag so droog in die sout lê. Was die volgende môre die sout af, en snij hulle in twee stukke middeldeer. Sit hulle nou in skoon water—genoeg om hulle almaal toe te laat lê onder die water.

Gee skoon water tweemaal per dag— in die môre en in die aand, totdat al die bitter uitgetrek is. Dit neem soms tot agt of tien dae.

Haal dan al die pitjies uit met 'n stokkie of haarnaald, want die pitjies is baie bitter. Sommige mense haal hulle uit voor hulle die pampelmoese in die water lê.

Wanneer die vrugte goed uitgevars is, weeg dan die pampelmoese, en neem dieselfde gewig suiker—pond vir pond.

Die aand voor die konfijt gekook word, pak die pampelmoese in die afgeweepte suiker.

Kook hulle stadig die volgende dag. Voor die pampelmoese in die suiker gepak word in die aand, moet hulle sag gekook word—maar nie te pap nie.

Die konfijt moet mooi helder lyk, wanneer dit gaar is. Net voor dit goed is, sal dit 'n baie lekker smaak daaraan gee, als 'n blikkie suikerstroop ("golden syrup") daarby gedaan word.

PAMPELMOES-MARMELADE.

Snipper die geskilde pampelmoese fijn, en gooi elke dag vir drie dae skoon water daarop.

Die vierde dag kook dit, tot dit pap is, in meer skoon water.

Gooi nou die water af, en weeg die snippers. Net soos in die konfijt, neem 'n gelijke deel suiker met die pampelmoese. Kook stadig, tot dit goed is. Vir 'n smaak, als dit nodig is, kan 'n mens 'n bietjie suurlimoensop ingooi, voor dit klaar is.

SOSATIES.

In die koue weer voel 'n mens baie dae lus vir iets, wat op die tong brand. Al brand mijn eie resepie vir sosaties nie veel nie, 'n mens kan dit natuurlik altijd sterker maak naar smaak, deur meer kerrie in te sit, dan ek in mijn resep voorskryf.

Neem een teelepel kerrie, een teelepel fijn meel, twee dessertlepels of vier hoë teelepels suiker. Meng hulle deurmekaar met 'n bietjie melk of water. Roer nou 'n klein koppie melk daarin; en, terwyl julle dit vinnig roer, sit daar 'n klein koppie suurlimoensop in. Dit is belangrik, dat die melkmengsel vinnig geroer word, wanneer die suurlimoensop ingegooi word; anders word die melk suur en klontert.

Laat daar intusse twee nie van middelmatige grootte opgesnij word, en in 'n pan bruin gebraaai word.

Neem omtrent twee pond lekker vet vlees—ek sou dit uit die ronde gedeelte van 'n bout uitsnij. Snij die vlees in stukke van 'n duim grootte, of so, en sit dit in die kerriemengsel, saam met die uie. Roer dit mooi goed deur, en laat dit staan vir ten minste viertwintig uur, als julle wil lê, die smaak moet goed deurtrek. Om 'n lekker limoensmaak daaraan te gee, is dit 'n goeie plan om 'n paar suurlimoensopblare middeldeer te breek, en dit saam met die vlees en uie in te sit.

Wanneer die vlees goed deurgewek is—sommige mense laat dit tot vir 'n week of tien dae lê—krij dan 'n paar dun stokkies met skerp punte, of staal-vleespenne ("skewers"), wat 'n mens deur los vlees steek om dit anmekaar te hou. Rijg die stukkies vlees mooi vas daaraan. Peper en sout naar smaak, en braai dit op 'n rooster. Onthou om dit gedurig om te draai, soos ek geraai het met die karnenaadjies.

Op die vuur moet rijs wees, en dit moet mooi droog gekook word.

Op die een kant van die stoof sit julle die kerriemengsel met die uie en blare, en laat dit net gaar kook—nie te dik nie.

Die sosaties word soos ander kerrievlees op rijs opgeskep, en met die sous daarop geet. Dit maak dit ook veel lekkerder, als daar blatjang bij gegee word.

KONINKLIKE ROLIE-POLIE.

Maal omtrent een en 'n half pond skaapvlees in die vleesmeul fijn, of kap dit fijn. Meng dit met twee lepels blatjang, sout en peper naar smaak, 'n bietjie Worcester-sous, 'n halwe gerasperde neut, die krummels van een snij witbrood, een eier, en die sop van een suurlimoen. Omtrent 'n halwe teelepel kerrie gee 'n goeie smaak; en vir mense, wat van tiemie hou, sal 'n klein bietjie daarvan ook te wense wees. Alles moet goed deurmekaar geroer word. Dit is nie nodig om die eier op te klits nie.

Maak nou 'n deeg uit een pond fijn meel, 'n halwe pond fijngelapte niervet, 'n teelepel sout, en verder net genoeg water om 'n stijwe deeg te maak. Rol dit drie of viermaal uit, tot die dikte van omtrent drie kwartduim. Sit die gemengde vlees daarin, en rol dit op. Knijp die deeg rondom toe, dat die vlees nie kan uitwerk nie.

Neem 'n linnedoek en was die pap daaruit. Sprinkel dit mooi dik en geljik met meel; bind die rolle-polie daarin stijf vas, en sit dit in 'n pot kookwater. Laat dit vir drie uur kook.

Pas op, dat daar ruimte is vir die deeg om uit te rijs, anders bars die doek. 'n Mens kan 'n bietjie bakpoetier ook in die deeg sit.

GEREPTUDA.

DIGTER IS HIJ.

Digter is hij, die digters-taal
Diep uit die grond van zijn hart kan haal;
En hij voel in zijn hart 'n heerlike drang
Om 'n vlugtige stemming in woerde te vang.

Digter is hij, die verse maak—
Verse, wat duisende harte kan raak.
Maar hij weet nie, waar hij die mag van haal:
Dis 'n gawe, wat bo uit die hemel daal.

Digter is hij, die oog en oor
Tref met 'n pragtige woordeleoor;
En hij skep zijn lied soos 'n voolgie vrij;
Die sijn hele siel aan die wêreld belij.

Digter is hij, die sing en sing,
Fraai als 'n voolgie, wat vreugde bring;
Want hij hef sijn stem op 'n lieflike maat
Van die môre vroeg tot die awend laat.

Digter is hij, die deur en deur
Voel, wat rondom en in hom gebeur;
Die sijn siel se gevoelens uit kan giet
In 'n lewende, sprekende, roerende lied.

A. D. KEET.

Afrikaanse Soogdiere.

II.

DIE SKOBBIGE MIERETER OF "IETER-MAGOG."

(Manis temminckii.)

IN dié dele van ons land, waar die skobbige miereter bekend is, word hij "die ietermagog" genoem. "Ietermagog" is, soos hul sê, 'n verbastering van "ijstermaakgow"—die naam oorspronklik deur die Boere vir die dier gebruik. Die benaming "ijstermaakgow" is ontstaan uit die feit, dat die dier met ijsterharde skobbe omhul, en pijnlik langzaam in sijn beweginge is. Deur die Basoto's word hij "Kwara," en deur die Betsjoenas "Khaaka" genoem.

Die vorm is lang. Kirby het een gevang van vier voet neê duim; die kop en liggaam was twee voet vier duim; die stert twee voet vijf duim. Die voor- en agterpote is so kort, dat die liggaam maar 'n paar duim bo die grond verheve is, en oppervlakkig lijk hij veel op 'n kruipende dier. Die hele liggaam, met uitsondering van die onderliggaam en binnesje van die pote, is bedek met horingagtige oornekaarkruikende skobbe; die skobbe is bruin met ligtergekleurde rande en punte. Seer selde tref 'n mens ook stijwe hare aan tussen die skobbe. Die Asiatische soorte uit die Malaka-skiereiland, Borneo en Java is riker voorsien van hare. Peters vertel ons, dat die inboorlinge, veral die Betsjoenas, vingerringe van die skobbe maak; die ring word aan die voorvinger gedra om die bese oog van die toverenaar af te weer.

Die kop; wat met kleinere skobbe bedek is, het 'n spitsuitlopende vorm en is besonder tengerig gebouwd. Hij is geheel tandeloos, en 'n lang dun kleverige tong dien om rijspiere te vang, die sijn voedsel uitmaak (vgl. die erdvark). Die "Ietermagog" is 'n voorsigtige en tengerige dier, die homself dikwels deur middel van die agterpote en 'n sterk-

gevormde stert kan ophijs om naderende gevaar te bespeur. In geval hij deur 'n vijand, 'n hond of ander roofdier beetgepak word, krimp hij homself in tot 'n ronde bal om so op doeltreffende wys met sijn horingagtige skobbe teenstand te kan bied.

Elkeen van die vijf tone van iedere voor- en agterpoot is met sterke naels voorsien, waarvan die nael aan die derde toon van iedere voorpoot die grootste is. Als hij loop, dan raak slegs die buitesij van die voor-tone die grond; die skerp naels word agterwaarts en naar binne gerig; daardeur word die naels skerp gehou om des te vlugger 'n miereloop op te breek. Bij die agterpote, egter, rus die voetsool op die grond.

Die stert verdien opmerking, omdat hij, veral in die Asiatische soorte, dikwels veel langer is dan die liggaam self, en ook net so breed. Dit is heeltemaal bedek deur rijke skobbe.

Die miereter word voornamelik ten noorde van die Oranje-rivier gevind. Dit word beweer, dat hij tog ook, hoewel uiters selde, gevind word in die distrik Prieska en in die aangrensende distrikte ten suide van die Oranje-rivier. Vanaf die Oranje-rivier word hij in Westelike Vrijstaat, Transvaal, Betsjoeanaland, die Kalihari, en in Suidwes-Afrika tot aan die Zambezi gevind; ten noorde van die Zambezi kom hij voor in Suid-Angola, Nyassaland, Oos-Afrika en Somaliland. Soals vermeld, word ook 'n paar ander soorte in Asië gevind.

Die miereter is 'n dier, waaraan veel bijgeloof onder die Betsjoenas verbode is. So dikwels als daar een gevang word, word hij lewendig verbrand in die bestekraal, want die Betsjoenas glo, dat daardeur die vrugbaarheid van hulle beeste vermeerder word. Onder die Japanners heers 'n eenaardige geloof met betrekking tot die wijze, waarop die miereter sijn prooi, die miere, vang; hij laat sijn skobbe pen-orent staan, om voor te gee, dat hij dood is; bij duisendtal-kruip die miere dan tussen die skobbe in. Nou slaan die miereter sijn skobbe weer dig en gaat in 'n poel water in, waardeur die miere op die water kom te drijf en dan gemaklik opgedurp word.

Dit is wel jammer, dat dit gebruikelik is om 'n miereter altijd dood te maak, so dikwels als hij maar aangetref word. Die dier is geheel onskadelik, en is vir ons daar geplaas om die ewig in die natuur te bewaar, deurdatt hij die abnormale vermeerdering van die miere belet.

C. S. GROBBELAAR.



Die Skobbige Miereter (Manis) (vgl. n. Skobbe) af. skelder "Manis", 44

HET DROSTDIJ-GEBOUW TE GRAHAMSTAD.

Op 6 Julie 1822 werd door Piet Retief een kontrakt getekend, waarin hij ondernam om een drostdij-gebouw te Grahamstad te bouwen. Dit gebouw werd niet geheel door hem voltooid. De heer Gustav S. Preller zegt in zijn boek over Piet Retief: . . . "zijn handwerk, wat vandaag nog in Grahamstad te sien is aan die ou drostdij-gebouw, bewijs dat wat betref smaak sowel als degelijkheid van sijn werk, hij 'n bouwmeester was van g'n geringe verdienste nie." Dit gebouw is nu in het bezit van 't Rhodes-Kollege te Grahamstad. Naar wij horen bestaat het plan, zo spoedig men geld genoeg heeft voor een nieuw gebouw, dit oude gebouw neer te halen. Als dit zo is, hopen wij, dat 't Rhodes-Kollege sijn dagen in armoede slijten zal.

AAN A. T.

Ons het 'n oomblik van ons tijd verspil
Met planne vir die toekoms—met die bouw
Van Spaanse skinkastele; want ons hou
Soos kinders van maak-wijs speel, en ons wil
'n Grein verbeelding loskoop vir 'n gril.
Dis goed, ou Tannie; elkeen van ons brou
Halftaampies van plesier; elkeen aanskou
'n Hoerlike vooruitsig, en verskil
Alleen in dit, dat sontijds een van ons
Bespeur die skade naderend aan die kim,
Waar andre net maar op die sonskijn wies;
En een sien engels in 'n purperdons,
Waar andre net gewaar 'n isegrim,
Wat eeuwig waghou voor ons Paradijs.

C. LOUIS LEIPOLDT.


ZUID-AFRIKAANSE KUNST.

R. GWELO GOODMAN.

HET grootste ideaal boven alle is ons land, Zuid-Afrika. "Gij die hier moogt leven moet de vreugde tot het leven beter ontwikkelen dan enig ander volk in enig ander land. Gekoesterd wordt gij door de zuiderzon, uw gezicht is bruin gebrand door zijn vlammen en door de zuidewinden—omringd zijt gij

hen, die op kunst neerzien als een liefhebberij etigszins vreemd klinken, doch dit is een van de eerste lessen, die door een ieder die dit leven vol en rijk wil maken geleerd moet worden, dat slechts door arbeid 't schone en edele ons eigendom wordt. Het helpt ons niet de mond vol te hebben over 't schone van eigen land. Ons ideaal moet Zuid-Afrika zijn, ons eigen land, doch we moeten 't lief hebben met de sterke, arbeidende liefde van ons hart. Dan zal kunst in woord en beeld, in muziek en zang hier bloeien. Als ik de stemmen had van alle winden ik zou ze gebruiken om het evangelie van de arbeid te verkondigen.

De hr. Gwelo Goodman werd in 't jaar 1871 in de Kaapkolonie in de nabijheid van de grote Keirivier geboren. Toen hij zijn schooldagen achter de rug had dacht men, dat hij niet beter kon doen dan in de civiele dienst te gaan. Niet lang duurde het echter of hij kwam er achter, dat hij een verkeerde weg was ingeslagen. Zijn liefde voor de kunst, die sterk in hem was van zijn jeugd af wees hem een andere richting aan. Onder de leiding van een leermeester van hoge idealen en grote bekwaamheid, de hr. J. S. Morland, begon hij ernstig te werken en toonde spoedig door de wijze waarop hij zich ontwikkelde, dat er een schone toekomst voor hem in de kunst lag opgesloten.




In de Woeste Valleij, Jonkershoek.

Olieverf, 30 duim bij 25 duim.

door de geweldigste en schoonste omgeving die de wereld kent. Het is de droom van mijn leven, dat eens een grote school van scheppende arbeid zal opstaan en ik weet, dat die dag voor Zuid-Afrika zal komen."

Aldus de heer R. Gwelo Goodman, van wie wij enige schilderwerken in ons nummer reproduceeren in een lezing over idealen. Wij meenden dat wij op geen betere wijze deze schilder, die in Zuid-Afrika geboren is en Zuid-Afrika lief heeft, bij onze lezers konden inleiden. Zijn groot ideaal is het, dat de mensen de schoonheid van hun eigen land zullen zien en dat deze schoonheid hen met vreugde en moed tot de arbeid vervullen zal. In de reeds aangehaalde lezing zegt deze kunstenaar: "Indien ik de stemmen van alle winden had, dan zou ik ze gebruiken, om 't evangelie van de arbeid te prediken en van de daad terwille van de daad, want de beloning zal ons zeker worden." Mischien mag dit voor



Kaapstad, Stadhuus.


Olieverf, 60 duim bij 50 1/2 duim.

Zulke gunstige resultaten bereikte hij dat een vriend hem aanbodt, om voor drie jaren naar Europa te gaan, om daar in een van de middelpunten van kunst zijn studiën voort te zetten. In 1896 ging hij naar Parijs en reeds gedurende het eerste jaar van zijn verblijf aldaar werd door hem een gouden medaille gewonnen, en hoewel hem na 18 maanden de hem toegezegde ondersteuning niet meer werd toegezonden, was hij toch in staat, door eigen energie, bijna geheel de tijd, die voor studie bedoeld was tot een einde te brengen. Vele bezwaren had hij in die tijd onder de ogen te zien, doch hij overkwam deze met een karakteristieke energie. In 1898 kwam hij naar Londen, waar hij sindsdien het grootste gedeelte van zijn tijd doorbracht. Behalve de gouden medaille, die hij te Parijs behaalde, werd hem in 1915 te San Francisco een gouden en zilveren medaille toegekend. Dat 't werk van de hr. Goodman op prijs gesteld wordt blijkt wel hieruit, dat de volgende Musea werken van hem aankochten: / Ottawa, Liverpool, Manchester 2, Toronto 2, Venetië, Southport, Huddersfield, Kaapstad 4, Dudley, Oldham 2, Bradford. Kort geleden werd door Sir Lionel Phillips zijn schilderij "Kana-Koutes" aangekocht voor 't museum te Johannesburg.

In de laatste tijd vertoefde de hr. Goodman in Zuid-Afrika en is van plan binnenkort een kunstreis te gaan ondernemen naar de Viktoriawatervallen.

Dat deze bekwame kunstenaar Zuid-Afrika kent en liefheeft blijkt wel uit de reproducties van zijn werk, die wij in dit nummer geven. In kleuren komen deze werken natuurlijk veel beter tot hun recht, doch onze afbeeldingen in wit en zwart geven ons toch gelegenheid met deze kunstenaar kennis te maken. Hoe warm en vol van zonneschijn is niet 't pastel "Groot Constantia." Dit oud-hollandse huis, een van de schoonste in het Kaapse Schiereiland zien we hier door de ogen van de schilder. De blankheid van de witte muren, waarop 't zonlicht speelt en licht kunnen niet

nalaten bij een ieder een stemming van rust en vreugde op te roepen. Ook in 't weergeven van de oude, hollandsche gebouwen heeft de hr. Goodman een doel voor ogen. In een gesprek zeide hij: De Afrikaners moeten meer liefhebben de oude architectuur van hun




Groot Constantia.

Pastel, 28 duim bij 23 duim.

land, die zo uitstekend geschikt is voor 't klimaat. Laten ze toch 't oude in stand houden. Zijn de oude rieten daken, die helaas hoe langer hoe minder voorkomen, niet veel mooier dan de nieuwerwijze daken met ijzerplaten bedekt? Deze waarschuwend stem is wel nodig. Al te licht zijn wij er toe geneigd 't schone aan 't praktische op te offeren. Het persoonlijke verdwijnt hoe langer hoe meer uit onze omgeving. In onze huizen gebruiken wij de meubelen en allerlei huishoudelijke artikelen, die de fabrieken bij duizenden per dag afleveren. Voor de goedkoopste laten wij ons daarmede opzadelen, inplaats van tevreden te zijn met wat minder meubelen, die echter 't stempel dragen van de liefde tot de arbeid, die de vervaardiger bezield. Daar is zo weinig karakter in onze moderne meubelen,—ze missen 't persoonlijke, en 't werkelijk schone, dat men b.v. vindt in vele meubelen, die op afgelegen plaatsen misschien, door onze feitelijk onbekende Afrikaanse kunstenaars gemaakt zijn. De degelijke sierlijke Afrikaanse boeremeubelen zijn een getuigenis voor de machtige kunstzin, die in ons volk leeft en slechts op ontwikkeling wacht.

Werkelijk had ik de stem van alle winden, ik zou verkondigen 't evangelie van de arbeid van die arbeid, die schoonheid schept, omdat ze gedragen wordt door de liefde van ons hart. We willen daarom luisteren naar de boodschap, die de heer Goodman ons ook door zijn kunst brengt, dat ons land schoon is, en dat wat 't kenmerk draagt van heildevolle, sterke arbeid waardevol is boven vele dingen, waarvoor we nu ons geld uitgeven. Wij moeten leren zien de schoonheid, die



Vol van trillende hitte, Tulbagh.

Olieverf, 30 duim bij 25 duim.

ons omringt en niet vergeten, dat een ieder deze schoonheid vindt op zijn eigen manier. Wie dit laatste uit 't oog verliest zal niet in staat zijn van de kunst van anderen te genieten. Temperament en persoonlijkheid zijn de grootste factoren in de kunst, de waardevolste van al onze idealen. De meeste mensen verlangen echter, dat de kunstenaar schilderen zal wat zij zien. Zo de kunstenaars van deze eise wilden voldoen zou het de dood voor eigen ontwikkeling betekenen. Willen wij indringen in 't werk van een kunstenaar, dan moeten wij 't gezichtspunt innemen waaruit hij 't landschap, 't huis of 't voorwerp zag dat hij in beeld bracht. Door de ogen van de kunstenaar moeten wij leren zien en dan zullen wij opmerken, dat hetzelfde onderwerp door twee verschillende kunstenaars ook verschillend gezien wordt. Hun persoonlijk voelen en hun persoonlijke opvatting maken de wereld, die zij zien, nieuw en in die wereld willen ze ons inleiden. Werkelijke kunst wil de ogen openen van hen die niet zagen, opdat

zij zullen zien. Wij hopen, dat onze lezers op deze wijze de reproducties van de schilderijen van de heer Goodman, die wij hen hierbij aanbieden, zullen zien. Nooit misschien hebben zij, die Tulbagh kennen, 't gezien zoals 't hier ons wordt afgebeeld. Het onderschrift wijst ons echter de weg: "Vol van trillende hitte." De schilder wenst ons dat te laten zien in de witte huizen in 't dal, in de bergen daar achter overgoten met gloeiend licht.

De reproducties van "In de Woeste Vallei," en "Kaaipstad Stadhuus" geven ons ook een goede blik op de wijze waarop de heer Goodman werkt.

Meer zou hier te zeggen zijn, doch wij zullen ons tevreden gevoelen als bij onze lezers, zich dieper de overtuiging gevestigd heeft, dat ons land vol is van blijheid en vreugde, vol van licht en kleuren, en dat 't niet goed is zich ongelukkig te voelen waar overal om ons heen ziende stemmen ons noden, om in te leven en te vertolken de schoonheid van ons zonnig land.

WEL ZIJN ER ENKELEN.

Wel zijn er enkelen, die 't licht als kleed
Zich hangen om de schouder en vergeten
Het smarteur en in hun ziel slechts weten
Wat wonne gouden zonnegloed hen deed.

Maar door mijn ziel weerklinkt de angstekreet
Van 't arm bang harte, smart niteengereten.
Door stomme kracht werd ik ter aard gesmeten.
Al, ik voel het branden van mijn wonden, schrijnend-
[heet.

Ik kan niet zijn een kind, dat blijde gaat
Door zonnedag en dankend d'ogen sluit.
Wen nacht komt.....en in droom het licht hervindt.

Naast mij in lichtdag 't pijnend weten staat,
Dat van het schone viel te veel ten buit
Aan duist're macht, die mij geslaag'ne bindt.

R.v.D.

Mijn Vlaanderen spreekt een eigen taal,
God gaf elk land de zijne,
en, laat ze rijk zijn, laat ze kaal,
ze is Vlaams, en ze is de mijne!

Guido Gezelle.

JE ZULT KOMEN.

Als d' oranjeblomen bloeien
Liefste kom je weer!
Als de lentewindjes stoeien
En in nieuwe wereld van groeien
Botten blaren, bloemen teer,
Kom je toch, mijn liefste, weer?

Als d' oranjebloesems geuren
Liefste kom je weer!
't Wonderlike zal gebeuren:
In mijn gaarde rijk van kleuren,
Daar besneeuwd door bloesem teer,
Zie ik jou, mijn liefste, weer.

Als de vogels nestjes bouwen,
Kom je tot me, kind!
Boven ons een hemel blauwe.
's Morgens vroeg wijl d' ochtenddauwe
Ligt op bloemen.....zingt de wind
Ons een lentelied, mijn kind.

R.v.D.

De liefde' is die het huis met alle zegen vult
Al waer de liefde woont daer mangell' noyt gedult.
—JACOB CATS.

GENERAAL EN MEVROUW C. DE WET.

Dit portret van Generaal en Mevrouw C. de Wet, dat kort na de vrijlating van Genl. de Wet uit 't Fort te Johannesburg genomen werd, zal zeker onze lezers welkom zijn. Zoals men opmerkt is 't haar van de oude boere-generaal grijs geworden, doch ligt nog steeds diezelfde vastberaden trek op zijn gezicht, die de man van moed en karakter kenmerkt. Velen zullen misschien hier voor 't eerst een portret van Mevrouw Genl. de Wet zien. Zij is niet bekend in grote kring, daar haar arbeid meer in de stille geschiedde. Wie haar echter van nabij kennen weten, dat zij 't beeld is van de Afrikaanse vrouw: groot in liefde en volhardend in de druk. Men verhaalt, dat in zeer moeilijke dagen, zij zo flink haar man ter zijde heeft gestaan, dat deze grappenderwijs tot haar zeide: "Vrouw ik denk dat ik je niet langer met 'je en jou' zal mogen aanspreken, ik zal voortaan 'U' tegen je moeten zeggen, want dat verdien je. In beiden, zowel in Generaal als Mevrouw de Wet leeft die mooie Afrikaanse eigenschap voor humor, die hen in tijden waarin droefheid hen dreigde neer te drukken,

telkens weer die moedige lach deed vinden, waarmede ze anderen opbeurden.

Wij hopen dat beiden nog lang voor elkander en ons volk zullen gespaard blijven.



Foto: C. Kriel.

Generaal en Mevrouw C. de Wet.

VAN DE VROUWEN VAN Z. AFRIKA.

Vele honderde van zulke Brieven zijn in ons bezit.

Uit 't Glanwilliam Distrikt.

W. A. Van TAAK
schrijft: "Doktoren
adviseerden mijn vrouw
een operatie te onder-
gaan en medicijnen ble-
ken nutteloos. Zij leed
aan vreselijke pijnen in
haar zij, en hare maand-
stonden waren pijnlijk
en buitengewoon sterk.
Daar ik gelezen had in
onze Hollandse Koerant
omtrent de kracht van
Feluna Pillen, kocht ik
zes bottels, welke hare
gezondheid zo verbeter-
den dat ik met de behan-
deling voortging: De
operatie is nu niet
nodig."

Een Meisje van 17.

Mevr. M. FISHER,
101 Constitution Street,
Kaapstad, zegt: "Mijn
17 jarige dochter leed
erg aan pijnen, hoofd-
pijn en hardlijvigheid
op zekere tijden en bij
zekere gelegenheid vatte
zij koude. Zij was heel
erg, maar ik hoorde van
Feluna Pillen, en de
eerste bottel bewees de
waarde ervan in haar
geval. Als een moeder
van dochters, raad ik ze
sterk aan.



Bovengenoemde zijn uittreksels uit Brieven.

Van een O.V.S. Dame.

Mevr. A. J. PIJPER-
P. K. Odendaals Rust,
O.V.S., schrijft: "Ik
voelde alsof ik zou
sterven, zo erg waren
mijn pijnen. Ik leed
ook aan vreselijke hoofd-
pijnen, verlies van eet-
lust en onregelma-
tigheden. De dokter
stelde een operatie voor,
maar een vriendin raad-
de mij aan Feluna
Pillen te nemen; ik
kocht zes bottels en
ben nu geheel genezen.
Sedert jaren heb ik
niet zo gezond gevoeld.

"Ik voel heerlijk."

Mevr. M. M. BUYS,
van Damesburg, Zee-
rust, zegt: "Mijn ge-
laatskleur is nu prachtig
en ik voel heerlijk. Mijn
vrienden verwonderen
er zich over hoe geheel
anders ik er uit zie.
Hardlijvigheid, duize-
likheid, zenuwachtig-
heid, slapeloosheid en
onregelmatigheden wa-
ren mijne kwalen, maar
Feluna Pillen, zeven
bottels, hebben van
mij een heel ander mens
gemaakt."

Feluna Pillen, speciaal gemaakt zijnde alleen voor Vrouwen, werken direkt op de organen. Hunne werking versterkt, herstelt en heelt die organen welke de gezondheid ener vrouw regelen. Vrouwen en Meisjes die op zekere perioden lijden, zullen bij hun gebruik vinden dat zij vrij zijn van periodieke pijnen, en bleke ongezonde gelaatskleuren veranderen spoedig in kleuren die bewijzen van een wezenlijk gezonde vrouw. De getuigschriften van andere vrouwen zijn bewijs hiervan, maar de kracht van Feluna Pillen wordt beter verteld bij hun gebruik. Een verbetering in de gezondheid is in de meeste gevallen dadelijk zichtbaar, en als met de Feluna behandeling wordt voortgegaan, wordt het leven iets geheel anders voor hen die lijden aan de eigenaardige ziekten waaraan Zuid Afrikaanse vrouwen onderhevig zijn. Schrijf om ons gratis boekje "Meisjes behoren het te weten," waarin de verklaringen van vele andere Zuid Afrikaanse vrouwen worden gepubliceerd. Noem dit blad wanneer U schrijft.

Dit is 't pakje dat rood van
kleur is.



Let wel dat ge de echte
Feluna Pillen krijgt zoals
hier aangebeeld.

Feluna Pillen voor Vrouwen alleen, worden overal verkocht tegen 3/3 per bottel of 6 voor 18/-. Vraag er bij uw winkelier of apoteker om. Als ze daar niet verkregen kunnen worden, stuur geld aan de Feluna Pillen Co., Postbus 731, Kaapstad, en wij zenden ze postvrij.

Als U uw Ware wil verkoop
aan die PLATTELANDSE
BEVOLKING in alle dele
:: van die Unie. ::

ADVERTEER DAN IN
"DE BURGER."

Geen ander blad—Hollands of Engels—het zo 'n grote sirkulasie op die Platteland.

"DE BURGER"

is die beste advertensie middel vir Kennisgewings, Huwe-
liks-, Geboorte- en Sterfberichte, Ens.

Doen aansoek vir Advertisietarif bij die Eenaars,

DE NATIONALE PERS, Beperkt,
30 Keerom Straat, KAAPSTAD.

Postbus 692.

Telefoon 2939.

'n Firma word gekenmerk deur die
kwaliteit van sijn Skrif-materiaal,
:: :: Prospektusse, ens. :: ::

Als U NUWE KLANTE wil krij
en die oue Klante wil behou,
doen dan uw

BESTELLINGE VIR DRUKWERK

BIJ

De Nationale Pers, Beperkt

("DE BURGER" DRUKKERIJ).

Ons wil u help deur Drukwerk van 'n EERSTELAS GEHALTE vir BILLIKE PRIJSE te lewer.

LET OP ONS ADRES :


DE NATIONALE PERS, Beperkt

("DE BURGER" DRUKKERIJ).

30, KEEROM STRAAT, KAAPSTAD.

:: Postbus 392.

:: Telefoon 2939.



DIE TONEEL.

DIE man, wat dit onderneem om die toneel of alles, wat met 'n theater of skouwburg te doen het, bij ons publiek aan te beveel, word in ons land seker hier en daar skuins of skeel aangesien—misskien selfs als 'n gevaarlike skepsel gebrandmerk. Sommige mense veroordeel die toneel nou nie heelte-maal nie, maar hulle trek tog hiewer hulle skouers op, of wil hiewer hulle hande in onskuld was. Andere weer sluit hul hiewer in hulle huise op om tog nie in aanraking met die slegte wêreld te kom nie. Dit is 'n soort van houding, wat ons herinner aan die gedrag van die vrome kristene van die middeleeuwe, wat eensaam in grotte en spelonke gaan woon, of hulle self in kloosters opgesluit het, om op dié manier, van die wêreld afgesonderd, hulle sieleheid te soek in stille oerpeinsing, in vas en in selfkastiging. Maar van dag handel die vrome kristen juis net andersom. Hij beskou dit sijn plig om juis met die wêreld in aanraking te kom, om onder die mense rond te gaan, om sijn invloed daar te doen geld; en hij is skuw vir niks, wat daar rondom hom gebeur, maar trag deur sijn invloed, deur sijn voorbeeld, deur sijn medewerking die peil van die sedelike lewe in die maatskappij te verhef. Hij stel homself in die diens van die maatskappij; vir hom geld die mooie bijbelwoord: "Hij moet wassen en ik moet minder worden." Die beskouing, wat in hierdie woorde uitgedruk word, geld nie alleen op godsdienstige gebied nie: dit moet ook op politieke en op maatskappelijke gebied onse lense wees. Die man of vrou, wat ook maar 'n nederige aandeel wens te neem aan die stryd om land en volk vooruit te help, gevoel hom of haar groep om dienaar of diensare te wees: mijn volk moet groei en bloei en ek moet dien; eers mijn volksbelange en dan mijn belange, en als mijn belange in stryd is met mijn volksbelange, dan is ek 'n onwaardige dienaar van mijn volk.

Wat het dit nou met die Toneel te doen? Dit, mede-Afrikaners: daar staan ook volksbelange op die spel, belange, waarvoor ons die ot nie mag sluit nie. Die van ons, wat in die grote stede woon, gaan dikwels self naar 'n theater of skouwburg of bioskoop, en, als ons nie self gaan nie, dan weet ons tog, dat daar vele mense gereeld naar sulke plekke van vermaak gaan; en daarom is dit onse plig als lede van die maatskappij om wel tondê te let op die invloed, wat daar van die toneel uitgaan.

Die geskiedenis leer ons dat—of daar nou mense is, wat die toneel veroordeel of nie—die toneel in alle lande sijn verskijning maak en, wat meer is, sijn steeds ontwikkel; en net soos in andere lande sal die toneel sig hier in Suid-Afrika in die loop van die tijd ook meer en meer ontwikkel en naderhand word, wat dit in Europa b.v. is, 'n magtige en sterk faktor in die opvoeding, in die vorming van die karakter en gees van die volk.

Die tije verander en ons verander met die tije. Onse arbeidsveld brei sig uit en, of ons wil of nie, ons word noodsaak om op nuwe grond onse belange te handhaaf.

Als die toneel sleg is, dan baat dit nie om hom die rug toe te keer nie; hij is 'n natuurlike produk van die beskawing; hij sal sig ontwikkel en steeds 'n grotere rol in onse samelewing gaan speel. Die toneel is sleg of word sleg alleen, omdat die volk dit weerloos en toelaat, dat dit in die hande van gewetelose geldmakers val. Net so seker als 'n volk die pers b.v. verdien, wat hij besit, net so seker verdien 'n volk ook die toneel, wat hij besit. Pers en toneel

is twee faktore van so grote invloed in 'n land, dat die gehalte en vorm van beide die aandag van die belangstellende burger seker verdien.

Van die toneel het 'n grote digter gesê: "Die eer van die mensdom is aan Uwe hande toevertrou. Bewaar dit. Met u sink dit. Met u sal dit sig verhef." Die toneel is een van die vele soorte van kuns en daarom vorm dit so 'n natuurlike en onbetwisbare bestanddeel van die kultuur of beskawing van elke land. Elke mens is op sijn manier 'n kunstenaar, omdat hij of sijn naar seker ideale streef, naar betere toestande dus dan die, waarin hij of sijn verkeer. Die natuur, die lewe, alles, wat ons omring of waarmee ons in aanraking kom, is vol gebreke en onvolmaak, daarom ontstaan daar ook bij ons die verlange of die sug, naar wat beter is, naar wat wellig volmaak mag genoem word. Maar hoewel elke mens sulke ideale neiginge het, is daar slegs weinig uitverkorene, wat in besit van die goddelike gracie is, d.w.s. wat die skeppende krag besit om aan die ideale 'n gestalte te gee, m.a.w. 'n kunswerk te lewer. Dit is nie so 'n groot ongeluk nie, eerder wellig 'n geluk. Maar aan die ander kant is iedere mens in staat om 'n kunswerk te geniet, omdat die kunswerk 'n beroep doen op die ideale, wat daar in die mens sluimer—ideale, wat net wag om opgewek te word.

Nou is daar misskien meer dan een Afrikaner, wat van die een dag in die andere lewe, in sulke onver-skillegheid teenoor maatskappieke en nasionale belange, en meer dan een van hulle verskijn op die wêreldtoneel en verdwyn weer vandaar, sonder dat hul ooit die genot gesmaak het van 'n selfopofferende werksaamheid in belang van land en volk—mense, wat misskien nooit 'n onvergetelike oomblik belewe het—'n oomblik, toen daar iets heiliges in hul wakker geword het, toen hul gevoel gekrij het vir hul vaderland, vir die smarte en groetheid van hul volk.

Ons wil nou hoegenaamd nie beweer nie, dat die toneel juis bij uitstek die middel is om liefde vir land en volk bij die mense op te wek en nog minder, dat dit die enigste uitwerking is, wat 'n nasionale toneel op die mens uitoeven; maar die toneel, en vooral die drama, is nie alleen die mees algemeen verstaanbare vorm van kuns nie, maar dit is tegeliktijd ook die hoogste vorm van kuns. Mense, wat onverskillig 'n skilderij of 'n standbeeld aanstaar—mense, wat koud en onverskillig blij, wanneer hul b.v. naar 'n symfonie van Beethoven luister, word gerer en meesgelep deur die lotgevallen van die held of heldin op die toneel. Nie iedere mens skeep genot uit skilderije, standbeelde of musiek nie, omdat daarvoor 'n besondere aanleg nodig is, maar iedere mens ken die lewe, weet van die soet en bitter daarvan, en of hij nou wil of nie, hij skeep genot uit die opvoering van 'n drama; want die drama is niks anders dan 'n reflex, 'n weerspiegeling of 'n weerkaatsing in skoneer en reinere vorm van die trillende lewe op onse ot aardbol. Tegeliktijd goe die drama ons, meer dan enige ander kunsvorm, geleentheid om tot 'n innige kennis-making te geraak met die beste, die skoonste en die diepste, wat die volksgees in sijn lange ontwikkeling te voorskijn gebreng het. Hierdie erfenis word aan ons vermaak deur die kunstenaar en deur middel van die toneel word dit die eiendom van die volk in die breedste kringe. Die toneel is die aangewese middel om die kultuur van die voorgeslagte tot die lewende eiendom van die nageslagte te maak en so word die nageslag in staat gestel om die peil van die beskawing op hoere voet te breng.

Want vir die ontwikkeling van die individu, sowel als vir die van 'n volk is daar meer nodig dan slegs 'n kennis van die geskiedenis en van die literatuur van die volk. Die blote kennis vorm op sigself net 'n soort van vernis, 'n soort van omhulsel, 'n uiterlike kleed, waarmee ons bes moontlik die mense kan oorbluf; maar die innerlike mens moet ook ryp word, en dit kan alleen geskied, als ons die kennis, wat ons besit, ook belewe: en juis in hierdie opsig kan die toneel ons 'n grote diens bewijs. Die toneel stel ons in staat om die kennis, wat ons miskien op gebrekkige wyse uit boeke opdoen, ook te belewe; want dit stel ons in staat om ons te verplaas in die toestande en omstandighede van mense, wat eeue gelede geleef het. Die toneel eindelik is maar een van die vele middele, waarvan ons gebruik behoort te maak om onse kultuur in stand te hou en te bevorder; dit is maar een van die takke van die boompie, wat ons nie alleen aan lewe wil hou nie, maar ook tot grotere groei en bloei wil verhelp. Die boompie staan in die skaduw van 'n grote sterke boom en dit hang af van die lewe en groei, wat daar nog in hom is, of hij sal kwijn en eindelijk doodgaan om als bemesting te dien vir die grote boom, dan of hij sal stoei en spartel, al moet hij ook skeef en krom groei om uit die skaduw van die grote boom uit te kom en sig in die sonneskijn te verlustig.

Die jongeling wil mondig wees en oor sijn eie toekoms beskik, als hij nie 'n hopelose swakkeeling is nie; en net so strewe elke volk op aarde, als die volk nie ook hopelose swak is nie, om mondig te word, om langs die een of ander kanaal 'n uitweg te vind om sigself te wees, eie kragte te ontwikkel, te ontvou, te ontplooi in 'n onbelemmerde atmosfeer. Waar 'n volk die geleentheid nie krij nie, daar vervall hij en raak vermink om verlep, of trag soms hier en daar op 'n wanhopige of roekelose wyse om sig te vergoed, vir wat hom geweier word. Die toneel is maar een, maar tegelykertyd 'n voornamige kanaal, waarlangs die volkgees sig 'n uiting kan verskaf, maar tothiertoe is daar in die rigting onder ons maar bloedweinig gedaan.

Iemand antwoord miskien, dat ons nog nie veel toneelstukke besit nie, sodat ons deur hierdie gebreke nie veel tot stand kan bring nie. Maar verlies nie uit die oog nie, dat hier nog verdere ontwikkeling moet en sal plaasvind. "Die het kleine niet eert, is het grote niet weerd." Laat ons waardeer en opvoer, wat ons reeds besit en die behoefte aankweek. Is die behoefte eenmaal daar, m.a.w. die belangstellende publiek, dan kom ook die skrywers en kunstenaars te voorskijn. 'n Grote kunstenaar is o.a. ook die produk van sijn tijd, hij word uit die belangstelling of wrijving, wat daar bestaan, gebore.

Laat ons dan in hierdie rigting, sowel als in andere rigtinge werk nie alleen vir die voordeel wat ons daaruit gaan trek nie, maar vir die voordel ook van die verre nageslag.

Hierdie plig is ons deur die voorgeslagte opgedel; want

"Een groot verleden is een plicht der toekomst."

Die toneel is 'n volksaak, die saak van heel ons volk; en dit moet die steun krij van politieke voorstanders. Die verdeeldheid, wat daar heers; die vervetening, wat daar plaasvind; die bloedvergieting, die broedermoord, wat daar plaasgevind het—dit alles, hoe akelig, hoe ellendig, ja hoe hartverkeurend ook—dit alles is onse worstelstrijd—dit is die worlingsgeskiedenis van ons volk. Noem dit 'n smeltkroes, waarin ons gedompel word; noem dit 'n tragedie, 'n bloedige botsing tussen die aanhangers en draers van teenstrijdige beskouing oor die welvaart van ons land en volk. Dit alles ontmoedig ons nie in die geringste mate nie. "Die Afrikanerhart is seer en moeg, maar trouw nog"; sijn Afrikanerskap kan hij nie verloën nie; in sijn stille oomblikke, wanneer hij meer mens is, dan in die sleur van sijn daelike strijd om te bestaan—in die stille oomblikke is die Afrikaner nie bitter teen sijn mede-Afrikaner nie; hij is bereid om oor die graf van die gevallde broeders sijn broeder-vriend die hand te reik. Uit die smeltkroes kom 'n

gelouterde metaal te voorskijn, so ook 'n gelouterde volk, wat binnenkort alle kleinstele twis en tweedrag uit ons samelewing sal verban, vooral waar die geleentheid sig voordoen om saam te werk.

Ons het 'n Afrikaanse Toneelvereniging nodig. Hier is 'n saak, wat die ondersteuning moet krij van ons volk deur die lengte en breedte van Suid-Afrika. So 'n vereniging kan 'n organisasie hê, wat meer of min ooreenstem met die van die Vrouwe-vereniging of die van die Unie van Debatsverenigings—plaiselike takke deur die ganse land en 'n hoofbestuur.

Daar sal m.i. moet gewerk word vir die vorming van 'n toneelgeselskap, wat uit beroepsense bestaan—'n direkteur, met beroepselers, wat die land kan deurkruis.

Maar voorlopig sal daar al vir die saak veel gewonne wees, als ons slegs aan een man 'n salaris kan betaal en hom op die wyse in staat stel om sijn aandag onverdeeld aan die saak te wij. So iemand kan als rondreisende sekretaris ageer en tegelykertyd die verspreiding onder ons volk trag te bevorder van Afrikaanse tijdskrifte, soos "De Huisgenoot," "Die Brandweg," e.a. Die toneelverenigings "Aurora" in Kaapstad, 'n dergelyke in Pretoria en in Bloemfontein behoort die eerste stoot te gee.

Bloemfontein.

C. F. VISSER.

HUWELIJSKLOKKE.


Op 16 April l.l. is mnr. J. Beukes, van Stellenbosch, in die huwelik bevestig met mej. Minnie de Wit, ook van Stellenbosch. Mnr. Beukes is geen onbekende in die A.T. Viste-wereld. Hij was een van die eerste



voorstanders van ons beweging op Stellenbosch, en is nou al vir die laaste drie jaar lid van die Bestuur van die Stellenbosse A.T.V.-tak. Maar dis vooral op die gebied van die Afrikaanse toneel, dat mnr. Beukes hom verdienstelik gemaak het; en hij is gunstig bekend als speler in, en als aanvoerder van menige toneelgeselskap, wat voor die publiek nie alleen van Stellenbosch, maar ook van die Paarl en Somerset Strand, getree het.

Vier jaar lank staan hij nou al aan die hoof van die opvoeringskomitee van die Stellenbosse A.T.V.-tak; en onder sijn leiding is nog onlangs "Die Hoop van Suid-Afrika" van adv. Langenhoven met groot sukses op Stellenbosch opgevoer. Ons wens mnr. en mev. Beukes veel geluk toe, en hoop dat die speler ook aan sijn nuwe rol reg sal laat geskied.

FOTOGRAFIE-WEDSTRIJD.



- I. Steen opgericht door Joachim van Plettenburg toen hij landde aan de baai, die naar hem genoemd is. (Prijs van 10s. Inzender de hr. C. P. de Jager, Bus 21, Knijsna.)
- II. Bainskloof, Wellington. (Inzender de hr. J. C. Malan, Wellington.)
- III. Branderopslog. (Inzender de hr. Jim Pauw, Stellenbosch.)



NOG 'N SPROKIE OOR KABOUTERMAN- NETJIES.

VERLEDE maand het ons drie Duitse volksverhale oor kaboutermannetjies gehad, soals die in die "Huis- en Kindersprokies" van die Gebroeders Grimm word meegedeel. Die kabouters of aardmannetjies speel 'n voorname rol in die volksbijgeloof en volksverhale van vele lande. Hulle is wesens, wat als klein dwergies snags te voorskyn kom om allerlei dienste vir mense te verrig. Hulle is die mense gewoonlik goedgesind en bring dikwels uitkoms in gevalle, waar die nood hoog of die toekoms duister is. Hulle behoort tot die geslag van die elwe, en hul woonplaas is in die diepte van die aarde. In die Skotse vertelling vind ons soortgelike gediensige geeste, maar daar heet hul "brownies" of bruinmannetjies. Hulle maak ook snags die werk klaar, als die huisebewoners slaap. Hulle het 'n dwerggestalte en kort bruin haarlokke, en hul dra 'n bruin mus en 'n lang bruin mantel. Die Hollandse kaboutermannetjies en die Duitse "Heinzelmännchen" dra gewoonlik 'n rooi mus.

Onderstaande is 'n storie van 'n kaboutermannetjie en 'n smid. In die vorm, wat ons dit gee, is dit afkomstig van die volksklasse in Vlaandere, België.

DIE KABOUTERMANNETJIE EN DIE SMID.

Daar was eenmaal 'n brave smid, en die man had geen ander rijkdom als 'n vrou en 'n halfdozijn klein kindertjies. Van smôrens vroeg tot saands laat werk hij soos 'n esel, en tog het hij die grootste moeite om deur te spartel.

Een dag gaan hij 'n sterwende bloedverwant besoek, die ver van sijn dorp woon; en dit was laat in die nag, toen hij terugkeer. Sijn pad gaan bij 'n berg verby, wat aan die rand van 'n bos lê. Toen hij bij die hoek van die bos om kom, klink hom metens 'n vreemde geluid in die ore, en in die maanskijn sien hij 'n groot aantal klein mannetjies met lang baarde en rooi mussies. Die kèreltjies sing en dans, en maak daarbij die gekste gebare en bokspinger; hul swaai met hul mussies, gooi dit op en vang dit dan weer op hul tone met die behendigheid van harlekiane.

Die smid, die nie van die dapperste was nie, waag dit nie om sijn weg te vervolg nie maar verberg hom agter 'n dik boom tussen die lae bossies. Toen hij daar enige tijd gesit het, word alles stil; en soos die weerlig het al die kaboutermannetjies in die berg in verdwyn. Nadat hij nog 'n maal goed gekijk het, bemerk die smid egter, dat daar nog 'n kabouter agtergebly het, en dit lijk vir hom, of die ventjie iets soek; hij sien, hoe hij verskeie male sijn armpie in 'n skeur van die berg steek en dit weer uittrek.

"Die een mannetjie kan mij tog geen kwaad doen nie," dag die smid. "Ek sou wel wil weet, wat hij nou eimik so soek." En voorsigtig, met afgemete passe, gaat hij nader, want hij was nog altijd 'n bietjie bang. Hij sien toe, dat die mussie van die kabouter in die skeur vassit, en dat sijn armpie te kort is om dit bij te kom. Een, twee, drie, haal die smid die mussie uit die skeur en gee dit aan die kabouter terug.

Die ventjie bedank die smid en sê: "Wat jij vandag vir mij gedaan het, sal nie onbeloond blij nie.

Ons het hier fees gevier, en dan moet ons ons musse opsit. Had ek mijn mus verloor, dan sou ek vir sewe jaar nie mag deel neem nie."

Dit is te begrippe, dat die man die volgende dag die sonderlinge voorval aan sijn vrou vertel; en hul was nuwsgierig om te weet, hoe die kabouter hul sou beloon.

Die aand laat, voordat hij na bed gaan, sit die vlijtige smid eers die werk klaar, wat hij en sijn kneg in die môre die eerste sou aanvat.

Maar hoe verwonderd staan hij die volgende dag te kijk, toen hij sien, dat die werk gedurende die nag klaar gemaak was. En dit was deur 'n ervare smid gedaan, sodat hij daar niks op kon sê nie. Sijn kneg, die nog 'n leerjong was, was nie in staat om so te werk nie. "Wie kan dan tog die geheimsinnige werkman wees?" vra hij vir homself af, maar hij kon nie uit die saak wijs word nie.

Toen die volgende dag dieselfde wonder gebeur, besluit die smid en sijn vrou om die wag te hou: hulle wou weet, hoe die vurk in die steel sit.

Die geheim is spoedig opgehelder: omtrent middernag sien die smid, wat deur die stukgende solderplanke loer, hoe dieselfde kabouter, wie se mussie hij uit die bergskeur gehaal het, in die smidwinkel inkom en dadelik aan werk gaan. Hij werk deur tot teen die môre, sonder een enkel oomblik stil te staan of adem te skep; en dit was waarlik 'n lus om te sien, hoe alles deur sijn hande vlie; in die weinige ure het hij ook waarlik meer werk verrig, als die smid en sijn kneg in 'n halve dag kon afdoen.

En dit duur so voort vir 'n hele tijd. Die smid het sijn leerjong laat loop, hoewel die getal van sijn klante groter was, en hij maak soveel geld, dat hij met sijn vrou en kinders lekker kon lewe en daarby nog 'n vet sommetjie kon opsj sit.

Meer dan eenmaal het die smid en sijn vrou die kabouter in die smidwinkel afgeloor en met mekaar oorlê, of hulle vir die goeie mannetjie niks kon doen nie. Op sekere dag sê die vrou: "Nou weet ek, wat ons kan maak. Het jij die laaste keer nie bemerk nie, dat sijn klere daar heel armoedig begin uit te sien? Ek gaan vir hom 'n splinternuwe pak klerre maak; en windmaker sal dit wees, dit versaker ek jou."

So geseg, so gedaan. Die vrou maak vir die goeie kabouter 'n nuwe pak klerre, netjies genoeg vir 'n burgermeestersoon; en in die aand word dit, fraai opgevuom, op 'n stoel in die smidwinkel geplaa. En deur die solderplanke lê die man en vrou te loer, wat sou gebeur.

Die kabouter se oog val somaar dadelik op die pak klerre. Hij vouw dit op en bekijk die stukkie klerre een vir een; en aan sijn laggende gesig kon 'n mens sien, dat hij daar blij om was. Toe begin hij die een stukkie ná die ander aan te trek; en toen alles in orde was, sit hij sijn hoedjie met die rooi vere op. Nou was hij so groos soos 'n kat, en hij hou nie op om homself te bekijk nie. Eindelijk loop hij terug na die deur, en was weg, sonder hierdie keer 'n steek werk te verrig.

En die mannetjie het nooit weer gekom nie. Al die smidswerk, wat die aand tevore klaar gesit is, blij sedert die tijd onaangeroerd lê. Die smid moet voortaan sijn werk self doen; maar sijn oudste seuns kon hom reeds help, en daarby had hij ook, dank aan die kaboutermannetjie, iets om op te teer.

Martha Ferreira.

('N HISTORIESE SKETS.)

TOP regte verstand en beter begrip van die genardheid en karakter van die Afrikaanse beoerstand, is dit miskien noodsaaklik om 'n kort oorsig van die feite en oorsake te gee, wat moegewerk het om seker eienaardige karaktertrekke bij sommige boer-families tweeweg te bring.

'n Merkwaardige feit, wat die beoefenaar van Suid-Afrikaanse Geskiedenis dadelik aantref, is die stadige ontwikkeling en uitbreiding van die volkplanting gedurende die beheer van die Oos-Indiese Kompanjie. Daar is veel oorsake, wat die vooruitgang van die Kolonie vertragen en teëgewerk het. Dit is ook miskien interessant om die redes korteliks aan te stip.

Die eerste was, dat die Kompanjie die strand van Tafelbaai in besit geneem het, nie om 'n kolonie daar te stig, maar eenvoudig om 'n verversingspos vir hul vlote daar op te rig. Die Kaap was sesduisend mijl van Amsterdam, en dieselfde afstand van Batavia; en dit was dus noodsaaklik om daar 'n halfwegstasie te besit, waar hul skape vars vlees, groente, en water kon kry, en waar 'n hospitaal vir die siek matrose oopgerig kon word.

'n Tweede rede is, dat Holland in die middel van die sewentiende eeu 'n tijd van voorspoed belewe het, en daar was maar weinig mense, wat die begeerte gehad het om na die verafgeleë Kaapland te verhuis.

'n Derde rede was, dat Holland van 1652 tot 1783 vier oorloë teen Engeland moes deurmask; en die konkursie van die Engelse was later so sterk, dat Holland, wat 'n kleiner bevolking en 'n ongeriefliker geografiese ligging gehad het, eendelk die onderstep moes delare. Van die jaar 1672 was Holland ook verplig om 'n lang worstelstrijd teen die onvermoede Lodewijk XIV te voer. Die gevolg was, dat die Oos-Indiese Kompanjie, wat op so 'n treffende wyse met die Nederlandse volk vereenselwig was, onmoontlik geld en koloniste na Suid-Afrika kon spaar om die land op die regte manier te ontwikkel.

Nog 'n rede was, dat die Kaap gedurende die honderdenvertigjarige bestuur van die Kompanjie altyd aan Batavia onderhorig was. Suid-Afrika het dus altyd 'n ondergeskikte posisie ingeneem.

Bij al die oorsake van die vertraging van die ontwikkeling van die land, moet sijn geografiese bou ook in aanmerking geneem word. Van die seekus na die noordooste tot aan die Grootrivier, rjds die land in 'n reeks terrasse, wat met mekaar deur hoë bergketens afgeskeie is. Die derde terras—die vlakke van die Groot Karoo—is erg dun deur gras en bossies begroei, en die water is maar skaars, want die riviere loop maar net twee- of driemaal in die jaar, wanneer die donderbuie oor die breë valleë tussen die bergketens trek. Die gevolg was, dat die boere nie genoeg weiveld vir hul vee kon kry nie, en dus verder en verder na die ooste moes trek. In 1806, of honderdenvijftig jaar ná die stigting van die volkplanting, het die Kolonie nog maar net vier uitgestrekte en dunbevolkte distrikte bevat.

Van die jaar 1713—die Vrede van Utrecht—was daar 'n vimige agteruitgang te bespeur, ten gevolge van die strijd met Frankrijk, die konkursie met Engeland, en die bittere verdeeldheid van die politieke partije in Holland. Die gevolg was, dat korrupsie en wanbestuur die orde van die dag in Suid-Afrika was; en die boerebevolking, wat maar net onderdrukking van die plaselike regering moes verduur, en geen beskerming van hulle kon verwag nie, het verder en verder na die binnevalle ingedring, om daar in die wildernis 'n rustige lewe te lei.

Van die tijd toen die boere oor die bergketens, wat die eerste terras van die tweede afskeie, die land binnegedring het, was daar bij hulle die eienaardige,

tepiese karakter te bespeur, wat ons bij die Afrikaners aantref—seker sedes, gewoontes, en tradisies, ter wille waarvan hulle met die besondere naam van "Boere" bestempel word. Daar in die wildernis, ver van die geriewe van die beskawing, het hulle ten volle besef, dat hulle nie meer Hollanders of Franse, maar wel Afrikaners was.

So 'n boerfamilie, met die naam van Ferreira, het in die oostelike deel van die uitgestrekte distrik Swellendam, in die teenswoordige Langkloof gewoon. Die grootvader, Ignatius Ferreira, het direk uit Lissabon gekom, en in Suid-Afrika met 'n afstammeling van die Franse Hugenote—'n seker mooi Martjie Terblans—getrouw. Die vader, Thomas Ferreira, het drie seuns en twee dogters gehad; en dit is die jongste van die twee dogters, wat so 'n besonder karakter gehad het.

Die vader was 'n gewone veeboer, en het soos al die ander boere van sijn tijd op 'n eensame plaas gewoon met sijn vroue en kinders en die nodige slawe en 'n paar ander werkvolk.

Die kinders het niks van die geriewe van die moderne tijd geweet nie. Die dogters sowel as die seuns was van kleins af gewoon om hul ouers in alles bij te staan. Die meisies moes dikwels die osse help inspan en die lammerooie help oppas; in één woord, hulle was in staat om allerhande werk te doen, wat op 'n boerplaas vereis word.

Martha, die jongste dogter, was 'n gesonde, lewendige meisie, vlijtig en fluks om enige soort van werk te doen; en sijn het dikwels haar drie broers in die skande gestee, want op die duur kon hulle bij haar nie kers vas hou nie. Sij was vreeslik sterk gebouwd, met sterk arms en dik bene, en het al haar broers met "vingertrek" geklop.

Toen sijn 'n meisie van sestien jaar oud was, toe het sijn, deur haar wakkerheid, arbeidsaamheid, en besorgdheid vir haar lammortjies en bokkies, meer vee gehad als enigeen van haar broers. Sij was 'n buitengewoon onvermoede skepsel, en als daar 'n lammetjie in die sand in die veld agterbly, dan sou die donker of die koue of die reën haar nie terughou nie om die verdwaalde diertjie te soek en veilig terug te bring.

Sij was 'n besonder oppassende kind, gesteld op haar klere, al was dit maar die eenvoudige boerdrag. Haar hande het vir niks verkeerd gestaan nie, en sijn was regtig 'n agtermekeer boermoisie. Fluks was nie naam vir haar nie! Sij was 'n ware kanniedood—ja, inderdaad 'n gril van die natuur. Sij was 'n jongetjie in die gedaante van 'n meisie, want haar moeder en haar suster kon met haar nie huishou nie. Hulle was vir haar te stil en te dooierig.

Haar moeder het dikwels met haar vader gepraat, en vir hom met 'n sug gesê: "Ag Thomas, Martjie moet hiewers 'n seun gewees het; nou klim sijn daar op die kraalmuur soos 'n bok, en als ek weer kijk, dan sit sijn wjdsbeen op die vors van die huis. Gistermiddag kom sijn uit die veld, en hardloop die voordeur in, en sê: 'Ma, hier het ek 'n hasie in mijn voorskoot vir Ma'; en sijn skud uit haar voorskoot voor mij op die tafel 'n brulpadda en drie blouw-kop kogelmannetjies!"

Martjie was 'n opperste woeiwater, maar was darem so knaphandig om vir haar moeder enige soort van werk te doen. Die moeder was beroemd in die buurt vir die heerlike boerbeskuit en melktert, wat sijn kon bak; en dit was vir Martjie die grootste pret van die wêreld om die deeg te knie en te sien, hoe haar moeder die tert bewerk.

'n Kleurling kon Martha nooit vordra nie. Hulle was vir haar te doods en te stadig; en sijn het dikwels vir haar ma gesê: "Als ek getrouw en mijn eie baas is, en ek het so 'n pannantjie, hie kliepsteen in mijn diens, als die Karoels, wat pa so danig werk van maak, dan skop ek hom net soos 'n hoenderhaan met al twee sijn voete voor sijn bors, en als hij daar katawink lê, dan draai ek verder sijn nek agterstevoor om." Dit was nie sonaar grootpraat of windmakerij nie; want ons sal sien, dat sijn later die woorde verweselik het.

Martha Ferreira is in 1772 gebore, en is in haar neentiende jaar met haar neef, Petrus Ferreira, getrouwd. Hij was twee jaar ouer dan sijn vrouw, en was stil en sag van aard. Dit is te begriip, dat die huweliksleue nie al te gelukkig gewees het nie, want Matha was feitelik in alles die baas.

Toen sij vijftiengtiig jaar oud was, was sij seker van die sterkste vrouens in die land; en was sij seker die oggend die verkeerde bid het, en met die opgerolde moue die werkvolk so wild en wakker skree, dan is Piet Ferreira vir haar so wild als 'n haas vir 'n hond. Die volk was vir haar altyd aan die vlug, en als hulle verbrouw het, dan neem hulle liever die spat; want wee die arme Hotnot, wat onder die vrou se vuiste deurloop.

Bij al haar oplopendheid en wonderlike geaardheid het Matha ook goeie hoedanighede besit. Sij was besonder skoon en net, en—'n ware loot van die ou stam—sij kon heerlike melktert bak. Haar man het so vreeslik graag melktert geëet; en als Piet Ferreira soms in wanhoop neersit en sug cor die vreeslike geaardheid van sijn vrouw, dan troos Martha hom weer die ander dag met 'n skottelvol melktert. 'n Skottel vol! Ja, inderdaad, Piet Ferreira het 'n appetijt duisend gehad!

En so het Martha dag na dag voortgegaan, en sou haar rol uitgespeel het tot haar dood toe, als die sendelinge nie na Suid-Afrika gekom het nie. Hulle was ook nie lank in die land nie, of hulle begin briewe en rapporte te stuur na hul sendinggenootskappe in Engeland, waarin hulle die boere van grote gruwel-dade op die kleurlinge gepleeg beskuldig. "Die kristenboere," so skryf eerw. Read, "het nie minder dan honderd moorde, in die distrik Uitenhage alleen, gepleeg." Die Sekretaris van Kolonies het toe dadelik 'n bevel aan die goewerneur, sir John Cradock, gestuur om die saak te ondersoek. Die gevolg van die ondersoek was die berugte "Swarte Rondgang" van 1812.

Ten spyte van die beste poginge van eerw. Read om sijn honderd gevalle van moord voor die hof te bring, kon hij maar net sestien sake van allerlei soort bijmekaar skraap. Meer dan duisend getuie is gedagvaar geworde, en bijna honderd van die beste families op die grense was in die beskuldiging van die sendelinge betrokke.

Die voornaamste misdadiger onder die beskuldigde persone was—dis bijna nie nodig om te sê nie—Martha Ferreira, die vrou van seker Petrus Ferreira van Langkloof. Die beskuldiging teen haar was, dat sij vijf Hottentotte en twee slawe doodgeslaan het, en nog 'n paar ander geweldig aangerand het.

Hoewel die beskuldigde manne en vroue in die hof vreeslik verontwaardig was oor die belediging, wat hulle aangedaan was, kon hulle nie hulle lag hou nie, toen die grote, sterke, manhaftige Martha Ferreira opgeroep word om die beskuldiging teen haar te hoor. Elkeen was ook van die gedagte, dat sij nooit sou los kom nie, want haar berugte karakter was wijd en sijd bekend. Haar bijnaam was "Kwaai Martjie"; en dit was welbekend, dat sij, als 'n Hotnot haar kwaad maak, so koelbloedig 'n potdeksel of 'n vleisvurk griip, en hom cor sijn kop slaat, dat die peperkorrels so waai. Dit word vertel, dat sij eenmaal 'n Hottentot beet gekrijs, sijn kop tussen haar knieë vasknijs, en hom 'n afgedankste pak met die agterkant van 'n vleisblij gegee het.

Haar saak is nie voor die rondgaande hof uitgewijs nie, maar die uitspraak van die regter was, dat sij later voor die volle hof in die Kaapstad moet verskijn, sodat die ander getuie in haar saak ook nog gedagvaar kan worde.

Die regter was inderdaad blij om van die onverskrokke, welsprekende boervrouw bevrijd te wees; want al die tijd toen sij voor die regter gestaan het om getuie af te lê, het sij hom so vas in die oë gestaan, en net soos 'n briesende leeuw op haar beskuldigers staan te krijk.

Sij is later met 'n groot som behoort geworde, en dit het haar 'n bietjie laat skrik. Maar haar nukke het sij nooit laat staan nie,

Sij is op hoë leeftijid oorlede; en jare na haar dood, als 'n meisie 'n bietjie kortgespan of sleg van humeur was, dan was dit die gewoonte bij die moeder om aan haar te sê: "Mijn wêreld, ek dog ou Kwai Martjie Ferreira is al lank dood, en waarlik hier staan sij nou voor mij!"

Laat ons dan maar op haar grafsteen skrywe: "Requiescat in pace;" en laat ons maar die "Kwaai" weglaat, en bij die drie Latijnse woorde voeg: "Martha Ferreira, wat die heerlike melktert kon bak."

Stellenbosch.

E. STOCKENSTRÖM.

DIE VISSER.

(Uit die Duits van Goethe.)

Die water ruis, die water rol:
'n visser sonder smart
sit daar te hengel vredevol,
ja koel tot in sijn hart.
En wijl hij loer en wijl hij sit,
deel sig die vloed in twee:
'n vogtig meerwif, haelwit,
stijg uit die siedend see.

Sij sing tot hom, sij spreek tot hom:
"Wat lok jij uit mijn skoot
"met menskens en menselis
"mijn kinders tot die dood?
"Wis jij hoe rijk die vissies is
"hier onder in die see,
"dan sou jij afdaal en gewis
"ook vind die ware vree.

"Moet nie die son en maan hul rig
"vir laafnis tot die vloed?
"Toon tolwe-aad'mend hul gesig
"nie tweemaal skoner gloed?
"Ag jij die diepe hemel lig,
"die vog-beglansde blou?
"Lok nie jou eie aangesig
"jou in die eeuw'ge douw?"

Die water ruis, die water rol,
benat sijn naakte voet;
sijn hart word van verlange vol
als bij 'n minnegroot.
Sij spreek tot hom, sij sing tot hom:
weerstaan kon hij nie meer;
half trek sij hom, half sink hij in,
en niemand sien hom weer.

J.J.S.

DE VLAM.

O vlamme, vol mysterieglass
In 't grillig weven van uw lijnen,
O, glanzend schone lichtekrans,
Die duisterheden doet verdwijnen,
Vol sproke is uw lichtgetril,
Geheimnisvol uw gansen wezen,
Waar gij in donk're nachte, stil
En levend kom omhoog gerezen.

Ik zag uw zachte, milde gloed
In 't oude kerkje. 't Eeuwig branden
Van Gods groot harte deed weer moed
M' in 't harte dalen en mijn handen,
—Die lang vergeten hadden in symbool
Het smeken van het harte weer te geven—
Ze vouwden zich..... Mijn ziel ontstoot
Een bede zich om licht en leven.

R.v.D.

Het kint, indien het siet eens anders quade streken.
Ontfangt in sijn gemoet de gronden van gebreken.
Wat quaet is, kankert in; ghy leidt dan in de jeught,
Geen voncken tot de lust, maer sporen tot de deught.

—JACOB CATS.

BISHOP & CO.,

Horlogemakers, Juweliers en Diamanten Kopers

- 96 en 98, Plein Straat, KAAPSTAD.

De Grootste Winkel in Z. Afrika. Schrijf om onze Geïllustreerde Prijzlijst, gratis gezonden.

OPGERICHT 1858.
TELEFOON 2650.



Grote verscheidenheid van Polo Horloges. Zwart of Nikkel, 7.6, 10.6, 18.6 tot 25. - Mother of Pearl, 12.6, 16.6 tot 35. - Massief Zilver, 12.6, 17.6, 25. tot 48. - Massief Goud, 27.6 tot 47.



9 kt. Gouden Horstapod, gezet met Robijnen. Onze prijs 12.6. Anderen. Legen 14.6, 17.6 en 21.

9 kt. Gouden Zwaaiersnis Horstapod, met Robijnen bezet, 10.6 tot 21.



9 kt. Gouden Ring gezet met Robijnen. Onze prijs 6.

No. 300 - Solied Gouden Ring, gezet 5 Kaapsoe Robijnen. Onze prijs 10.6. - Andere, zwaarder en groter 14.6 tot 18.6. - Geest. echte Diamanten, 16 kt. Goud 21.6 tot 27.6.

Het nieuwste model 9 kt. Gouden Ring met echte Robijnen. Onze prijs 18.6.



Onze speciale voorraad Verloving Ringen. 16 kt. Goud, gezet met 5 zeer schone echte Diamanten 25 tot 280

9 kt. Gouden Zegel Ring, 5 verschillende modellen, 7.6 tot 30.

Wij zijn specialiteiten in Gouden Trouwringen No. 315 9 kt. Massief Goud, 5. tot 40. - 18 kt. Goud, 20. tot 80.

Massief Gouden "Wishbone" Ring met Robijnen 12.6 tot 21. - Eenovoudig 10.6 tot 18.6

9 kt. Massief Goud met 2 echte Robijnen 7.6. Anderen 10.6, 12.6, 14.6 tot 21.

9 kt. Gouden Ring, gezet met echte Robijnen. Onze Prijs 10.6, 16.6 tot 25.

NU TER PERSE!

50

SPOTPRENTEN

Door BOONZAIER.

Overgedrukt uit "De Burger."

Met een voorwoord van Dr. D. F. Malan zullen deze 50 spotprenten, die de politieke geschiedenis van de laatste maanden in beeld weergeven, :

: eerstdaags verschijnen. : :
: Dit kunstwerk is het eerste op dit gebied door Hollandse-Afrikaanse : :
: uitgevers gepubliceerd. : :
: Zendt uw bestellingen spoedig in, om niet teleurgesteld te worden aan de Sekretaris van de Nationale Pers, :
: Beperk, Bus 692 Kaapstad. :

Prijs 2/6. - Postvrij binnen de Unie 3/-

AFRIKANERS!

Stuur uwe bestellinge aan

Beukes en du Toit,

Snijers en Handelaars
in Kledingstofte.

HULLE GOED IS NOG GOEDKOOP EN ALLE
:: :: WERK WORD GEWAARBORGD. :: ::

Schrijf om Monsters en Self-maattforme.

ADRES:


BEUKES en DU TOIT,

Snijers en Handelaars in
Kledingstofte,

STELLENBOSCH.

BOER MEEL tegen een penny per zak!

De wonderlike nieuwe Fairbanks-Morse 10 P.K. Semi-Diesel Machine die ruwe olie gebruikt, heeft inderdaad 52 zakken zacht boermeel in 12 uur gemalen tegen minder dan 1d. per zak. Schrijf om Katalogus 92A. welke de machine onder afgebeeld, beschrijft. Deze machine is goedkoper dan suktie-gas machines en de beste voor waterpompen, malen en ander werk.



Als een Begroting wordt verlangd voor een Kompleet besproeiings pomp-schema, is onze Fairbanks-Morse Semi-Diesel Machine de enige machine laag genoeg in koopprijs en werkende kosten om besproeiing door pompen betaalbaar te maken. Een boer, P. H. van Wijk, heeft £700 in 5 maanden uit zijn oogst gemaakt, die besproeid werd door :: middel van een dezer machines. ::

Wij vragen boeren om ons bijzonderheden te zenden van hun watervoorraad, en wij zullen hen volle bijzonderheden en prijzen geven voor eene :: komplette machinerie. Schrijf nu! ::

DUFFETT & KOCH. Bloemfontein Adres : Bus 171.
Kaapstad Adres : Bus 1230.

Teken nu in op "De Huisgenoot."

Indien U reeds Intekenaar is geef dan deze vorm aan een van uw kennissen.

INTEKENINGSVORM VOOR

"DE HUISGENOOT,"

Verenigd met "Ons Moedertaal."

EEN MAANDELIKS TIJDSCHRIFT VOOR AFRIKANERS.

Aan de Sekretaris van de Nationale Pers, Bpkt.,


POSTBUS 692, KAAPSTAD.

Wil mij a.u.b. opnemen als intekenaar op "De Huisgenoot" voor..... maanden, waarvoor ik de som van £.....insluit.


Intekengelden, vooruitbetaalbaar, 6/- per jaar, postvrij (binnen de Unie).	} Naam

Datum

Als betaling per cheque geschiedt, moet de kommissie bijgerekend worden.



Te voet om die Skiereiland.



DIS omtrent half Maandagmore. Os, Ahe, Jim en ek, voorsien van komberse, borde, bekere, pot, ketel, mielie-meel, koffie, suiker, ens., het nou met hier op Kampsbaai van die trem afgestap met die bedoeling om 'n week vakansie te gaan neem.

Ons doel is eintlik tweeërlei, n.l. om die nog deur die spoor onbereikbare streek in die onmiddellike nabijheid van die Kaap te sien, en om ons reg te ruk vir die werk van die aanstaande eksamen; want sommige mense sê mos, vir die afgewerkte verstand is daar niks beter as 'n bietjie liggaansoefening.

Ons drink vir laas nog iets hier in die Café en laat vat—dis 'n mooi gemaakte pad; ons is nog almal op ons stukke, en grappies ontbreek glad nie; gevolglik is ons in staat om die middag vóór twee, na 'n neë-mijl stap, pap te maak onder die bome op Houtbaai se strand.

Na die ete so 'n rukkie lê en rook en gesels, en dis weer voorwaarts met die doel om vanaand bij Kommetjie te gaan slaap; maar, helaas, net soos die arme mens hier op die weg des lewens hom baje dinge ten doel stel, en dan nog dikwels maar halfpad is, als sijn son ondergaan, so kom ons ook niks verder als die nek deuskant Noordhoek.

Die pad van Houtbaai, sover als dit gemaak is, is mooi en die natuur pragtig. Teen die helling van die berg het hulle denne geplant, wat nou al 'n baje mooi vertoning maak, en wat seker nog baje mooier sal lijk, als hulle groot is.


'n Gelyk plekkie agter 'n rots om te vernag kry ons gouw; en om kos te maak duur ook maar 'n baje klein rukkie, want hout is volop en beide die pot en die ketel kook baje gouw. Na die ete maak ons dadelik plan om te slaap.

Om terug te kom op die reis—ons eetlus is goed en ons het gouw-gow mieliepap en swart koffie onder die hoed gesit, en ons vertrek naar Slangkop. Nou gaat dit agter 'n bietjie moeiliker, want pad is daar nie eintlik meer; maar ons het tog altyd die geluk om goeie vriendelike mense raak te loop, die ons die beste en kortste paale wijs.

Dit gaan deur Noordhoek, 'n soort dorpie, waar dit

met 'n pas tevredegestel het, weer mieliepap, swart koffie en ons laaste blikkie vis, ter versterking van die inwendige mens, bij Slangkop.

Soos elkeen weet, staan hier 'n draadlose-installasie en 'n lighuis. Ag, dis tog maar 'n waar wet, daar die een van die assosiasie van ideëe, want nou net, toen ons die draadlose ding sien, dink ons somaar aan



On lighuis bij Kaappunt.

'n hele klomp goed—o.a. Windhoek en D.S.W.-veld-tog.

Nou wel, wat die draadlose telegrafie betref, het ons eintlik niks wijser geword nie—te sien is daar niks meer als drie lang ijsterpale met drade aan die grond geanker; en ons inligting te gee is hier niemand.

Bij die lighuis vaar ons beter. Die operateur, mnr. Eddison (dit laat 'n mens weer dink aan die wêreldberoemde telegrafis), aan sijn spraak 'n Australier of Amerikaner, is biesonder beleef; en hij neem ons bo in die lighuis en probeer ons alles duidelik te maak.

Die lighuis is gemaak van omtrent twee-voet breë vierkant en duim-dikke ijster- of staalplate, is 108 voet hoog bo die hoog-watermerk en het vijf kamertjies bop mekaar gekonnekteer met 'n ijsterleer.

In die heel boonste kamer, met mure van glas, is die ligtoestel, heeltemaal 'n moderne ding (ek vertel nie wat ek kan begriip). Die deel, wat die lig gee, is vierkantig en draai in die rondte, nie op 'n as nie, maar op 'n bedding van kwiksilver. Elke halfminuut kom oor die oseaan 'n blits, wat vijftientig sekondes duur en waarvan die lig 'n half miljoen kerskrag is.

Dis so omtrent vier-uur Dinsdag middag, en ons vertrek nou naar Kaappunt. Die operateur het ons gesê, dis twintig mijl soos die kraai vlie en nog baje verder met die pad; daarom wil ons vanaand nog 'n end weg kom.

Nou omtrent sewe mijl van Slangkop, hier in die laagte agter 'n kliprandjie op die plaas van mnr. van Blerk, na ons eers lekker gebaat het hier onder in die spruitjie, gaan ons vannag slaap.

